  BLITZIMA word gebruik vir die behandeling van rumatoïede artritis. Rumatoïede artritis is 'n siekte van die gewrigte. B-limfosiete is betrokke by die oorsaak van sommige van die simptome wat u ervaar. **BLITZIMA** word gebruik om rumatoïede artritis te behandel by mense wat reeds ander medisyne probeer het wat óf opgehou het om te werk óf nie goed genoeg gewerk het nie. **BLITZIMA** word gewoonlik saam met 'n ander medisyne genaamd metotreksaat geneem.
  BLITZIMA vertraag die skade aan u gewrigte wat veroorsaak word deur rumatoïede artritis en verbeter u vermoë om normale daaglikse aktiwiteite uit te voer.
- *Granulomatose met poli-angiitis (GPA) of mikroskopiese poli-angitis (MPA)*
  BLITZIMA word gebruik vir die bewerkstelling van remissie in granulomatose met poli-angitis (voorheen genoem Wegener se granulomatose) of mikroskopiese poli-angitis, geneem in kombinasie met kortikosteroïede. Granulomatose met poli-angitis en mikroskopiese poli-angitis is twee vorme van inflammasie van die bloedvate wat hoofsaaklik die longe en niere beïnvloed, maar ook ander organe kan beïnvloed. B-limfosiete is betrokke by die oorsaak van hierdie toestande.
- *Pemphigus vulgaris (PV)*
  BLITZIMA word gebruik vir die behandeling van pasiënte met matige tot ernstige *pemphigus vulgaris* (PV). PV is 'n outo-immuun toestand wat pynlike blase op die vel en voering van die mond, neus, keel en geslagsdele veroorsaak.

2. Wat u moet weet voordat u BLITZIMA gebruik
BLITZIMA moet nie aan u toegedien word nie indien:
- u is hipersensitief (allergies) vir rituximab is, ander proteïene wat soos rituximab is, of vir enige van die

ander bestanddele van **BLITZIMA** (gelys in afdeling 6).
- u tans 'n ernstige aktiewe infeksie het, ‘n infeksie met tuberkulose (TB) het, of onlangs in noue kontak was met iemand wat 'n tuberkulose (TB) infeksie het.
- u 'n swak immuunstelsel het.
- u ernstige hartversaking of ernstige onbeheerde hartsiektes én rumatoïede artritis het, granulomatose met poli-angitis of mikroskopiese poli-angitis.

Moenie **BLITZIMA** gebruik indien enige van die bogenoemde op u van toepassing is nie. Indien u nie seker is nie, raadpleeg u dokter, apteker of verpleegkundige voordat u **BLITZIMA** gebruik.

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls
Raadpleeg u dokter, apteker of verpleegkundige voordat u **BLITZIMA** gebruik indien:
- u al ooit gediagnoseer is met, of dalk tans 'n tuberkulose (TB) infeksie het. Dit is omdat **BLITZIMA** kan veroorsaak dat die tuberkulose-infeksie weer aktief word. Om hierdie rede kan u dokter u vir tuberkulose toets en voorstel dat u voorkomende behandeling vir tuberkulose-infeksie benodig voordat u **BLITZIMA** gebruik. Indien die toets negatief is, kan u dokter u monitor en met tussenposes vir TB-infeksie toets tydens u behandeling met **BLITZIMA**.
- u besmet is met MIV.
- u al ooit 'n hepatitis-infeksie gehad het, of nou kan hê. Dit is omdat **BLITZIMA** in enkele gevalle kan veroorsaak dat hepatitis B weer aktief word, wat in baie seldsame gevalle dodelik kan wees. Pasiënte wat al ooit hepatitis B-infeksie gehad het sal noukeurig deur hul dokter ondersoek word vir tekens van hierdie infeksie.
- u al ooit hartprobleme gehad het (soos angina, hartkloppings of hartversaking) of asemhalingsprobleme.
- u behandeling neem vir hoë bloeddruk. U kan gevra word om nie u medisyne vir 12 uur vóór u infusie met **BLITZIMA** te neem nie. Sommige mense ervaar 'n daling in hul bloeddruk tydens die infusie.

Indien enige van die bogenoemde op u van toepassing is (of u is nie seker nie), raadpleeg u dokter, apteker of verpleegkundige voordat u **BLITZIMA** gebruik. U dokter sal dalk ekstra versigtig moet wees tydens u behandeling met **BLITZIMA.**

Indien u rumatoïede artritis, granulomatose met poli-angitis, mikroskopiese poli-angitis of *pemphigus vulgaris* het, lig ook u dokter in:
- dat u medisyne soos chemoterapie of immuunonderdrukkende medisyne geneem het, of tans neem, wat u immuunstelsel kan beïnvloed.
- indien u dink u kan 'n infeksie hê, selfs 'n ligte een soos 'n verkoue. Die selle wat deur **BLITZIMA** geraak word, help om infeksie te beveg en u moet wag totdat die infeksie opgeklaar het voordat u **BLITZIMA** gebruik. Lig ook u dokter in indien u in die verlede baie infeksies gehad het of aan ernstige infeksies ly.
- indien u dink u sal dalk enige inentings in die nabye toekoms nodig hê, insluitend inentings vir reis na ander lande. Sommige entstowwe moet nie op dieselfde tyd as **BLITZIMA** gegee word nie, of in die maande nadat u **BLITZIMA** ontvang het. U dokter sal vasstel of u enige entstowwe moet ontvang voordat u **BLITZIMA** gebruik.

Kinders en adolessente
Raadpleeg u dokter, apteker of verpleegkundige voordat u hierdie medisyne ontvang indien u, of u kind, jonger as 18 jaar oud is. Dit is omdat daar nie veel inligting oor die gebruik van **BLITZIMA** by kinders en jongmense is nie.

Ander medisyne en BLITZIMA
Lig altyd u gesondheidsorgverskaffer in indien u enige ander medisyne neem. (Dit sluit alle komplementêre of tradisionele medisyne in.)

Lig u dokter of apteker in indien u tans die volgende gebruik:
- indien u medisyne vir hoë bloeddruk neem. U kan gevra word om nie hierdie ander medisyne te neem vir 12 ure voordat u **BLITZIMA** gegee word nie. Dit is omdat sommige mense 'n daling in hul bloeddruk ervaar terwyl hulle **BLITZIMA** ontvang.
- indien u al ooit medisyne geneem het wat u immuunstelsel beïnvloed, soos chemoterapie of immuunonderdrukkende medisyne.

Swangerskap en borsvoeding
Indien u swanger is of u baba borsvoed, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorg kundige vir advies voordat u **BLITZIMA** neem**.**

U moet u dokter of verpleegkundige inlig indien u swanger is, dink dat u dalk swanger is of van plan is om swanger te raak. Dit is omdat **BLITZIMA** deur die plasenta oorgedra kan word en u baba kan beïnvloed.

Indien u swanger kan raak, moet u en u maat 'n effektiewe metode van voorbehoeding gebruik terwyl u **BLITZIMA** gebruik. U moet dit ook vir 12 maande ná u laaste behandeling met **BLITZIMA** volhou.

Moenie borsvoed terwyl u met **BLITZIMA** behandel word nie. Moet ook nie borsvoed vir 12 maande ná u laaste behandeling met **BLITZIMA** nie. Dit is omdat **BLITZIMA** in borsmelk uitgeskei kan word.

Bestuur en gebruik van masjinerie
BLITZIMA kan u vermoë om 'n voertuig te bestuur of masjinerie te gebruik, benadeel. Wees veral versigtig voordat u take uitvoer wat u aandag verg, totdat u weet hoe **BLITZIMA** u sal beïnvloed.

BLITZIMA bevat natrium
BLITZIMA bevat 2,3 mmol (of 52,6 mg) natrium per 10 mL flessie en 11,5 mmol (of 263,2 mg) natrium per 50 mL flessie, gelykstaande aan 2,6 % (vir 10 mL flessie) en 13,2 % (vir 50 mL flessie) van die WGO se aanbevole maksimum daaglikse inname van 2 g natrium vir 'n volwassene. Dit moet in ag geneem word by pasiënte op 'n natrium-beheerde dieet.

3. Hoe om BLITZIMA te gebruik
Moenie medisyne wat aan u voorgeskryf is, met enige ander persoon deel nie.
Neem altyd **BLITZIMA** presies soos u dokter u opdrag gegee het.
U moet met u dokter of apteker bevestig indien u onseker is.

Hoe dit gegee word
BLITZIMA sal aan u gegee word deur 'n dokter of verpleegkundige wat ervare is in die gebruik van hierdie behandeling. Hulle sal u fyn dophou terwyl u hierdie medisyne ontvang. Dit is ingeval u enige newe-effekte kry. U sal altyd **BLITZIMA** met 'n drup (binneaarse infusie) gegee word.

Medisyne wat voor elke BLITZIMA-toediening gegee word
Voordat u **BLITZIMA** gegee word, sal u ander medisyne (premedikasie) ontvang om moontlike newe-effekte te voorkom of te verminder.

Hoeveel en hoe gereeld u die behandeling sal ontvang

a) Indien u behandel word vir non-Hodgkin se Limfoom

- *Indien u **BLITZIMA** as enkelterapie ontvang*
  BLITZIMA sal een keer per week vir 4 weke aan u gegee word. Herhaalde behandelingskursusse met **BLITZIMA** is moontlik.
- *Indien u **BLITZIMA** saam met chemoterapie kry*
  BLITZIMA sal op dieselfde dag as u chemoterapie aan u gegee word. Dit word gewoonlik elke 3 weke gegee, vir tot 8 keer.
- Indien u goed reageer op behandeling, kan u **BLITZIMA** vir twee jaar ontvang, toegedien elke 2 of 3 maande. U dokter kan dit verander, afhangende van hoe u op die medisyne reageer.

b) Indien u vir chroniese limfositiese leukemie behandel word
Wanneer u met **BLITZIMA** in kombinasie met chemoterapie behandel word, sal u **BLITZIMA** elke 28 dae ontvang, totdat u 6 dosisse ontvang het. Die chemoterapie moet ná die infusie met **BLITZIMA** gegee word. U dokter sal besluit of u terselfdertyd ander behandeling moet ontvang.

c) Indien u vir rumatoïede artritis behandel word
Elke behandelingskursus bestaan uit twee afsonderlike infusies wat 2 weke uitmekaar gegee word. Herhaalde behandelingskursusse met **BLITZIMA** is moontlik. Afhangende van die tekens en simptome van u siekte, sal u dokter besluit wanneer u meer **BLITZIMA** moet ontvang. Dit kan maande ná die vorige dosis wees.

d) Indien u behandel word vir granulomatose met poli-angitis of mikroskopiese poli-angitis
Behandeling met **BLITZIMA** gebruik vier afsonderlike infusies wat met weeklikse tussenposes gegee word. 'n Kortikosteroïed-medisyne sal gewoonlik via inspuiting gegee word voor die aanvang van behandeling met **BLITZIMA**. Kortikosteroïed-medisyne wat per mond gegee word, kan te eniger tyd

deur u dokter begin word om u toestand te behandel.

e) Indien u behandel word vir *Pemphigus vulgaris* (PV)
Elke behandelingskursus bestaan uit twee afsonderlike infusies wat 2 weke uitmekaar gegee word. Indien u goed reageer op die behandeling, kan u **BLITZIMA** as 'n onderhoudsbehandeling ontvang. Dit sal ná 1 jaar, en weer 18 maande ná die aanvanklike behandeling toegedien word, en dan elke 6 maande soos nodig, of u dokter kan dit verander, afhangende van hoe u op die medisyne reageer.

Indien u meer BLITZIMA ontvang as wat u moes
Aangesien **BLITZIMA** deur u dokter of verpleegkundige toegedien word, is dit onwaarskynlik dat te veel toegedien sal word. Daar is geen bekende newe-effekte van die toediening van te veel **BLITZIMA** nie.

Indien u die BLITZIMA-infusie vergeet of mis
Indien u 'n afspraak om **BLITZIMA** te ontvang vergeet of mis, maak so gou moontlik 'n ander afspraak.

4. Moontlike newe-effekte
BLITZIMA kan newe-effekte hê.
Nie alle newe-effekte wat vir **BLITZIMA** aangemeld is, word in hierdie biljet ingesluit nie.
Indien u algemene gesondheid verswak of indien u enige ongewenste gevolge ervaar terwyl u **BLITZIMA** neem, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorg kundige vir advies.

Infusie-reaksies
Tydens of binne die eerste 2 uur van die eerste infusie kan u koors, kouekoors en bewing ontwikkel. Minder gereeld kan sommige pasiënte pyn op die infusie-area kry, blase, jeukerigheid, naarheid, moegheid, hoofpyn, asemhalingsprobleme, swelling van tong of keel, jeukerige of loopneus, braking, blosing of hartkloppings, hartaanval of lae aantal bloedplaatjies. Indien u hartsiektes of angina het, kan hierdie infusie-reaksies erger word. **Lig die persoon wat u die infusie gee onmiddellik in** indien u enige van hierdie simptome ontwikkel, aangesien die infusie dalk vertraag of gestaak moet word. U kan addisionele behandeling soos 'n antihistamien of parasetamol benodig. Wanneer hierdie simptome verdwyn, of verbeter, kan die infusie voortgesit word. Hierdie reaksies is minder geneig om na die tweede infusie voor te kom.
U dokter kan besluit om u **BLITZIMA**-behandeling te staak indien hierdie reaksies ernstig is.

Infeksies
Lig u dokter dadelik in indien u tekens van 'n infeksie kry, insluitend:
- koors, hoes, seer keel, brandpyn wanneer u urineer, of swak of oor die algemeen sleg voel
- geheueverlies, probleme om te dink, probleme om te loop of sigverlies – hierdie kan wees as gevolg van 'n baie seldsame, ernstige breininfeksie wat al dodelik was (progressiewe multifokale leukoensefalopatie of PML)

U kan makliker infeksies kry tydens u behandeling met **BLITZIMA.** Hierdie is dikwels verkoues, maar daar was gevalle van longontsteking of blaasinfeksies.

Indien u behandel word vir rumatoïede artritis, granulomatose met poli-angitis of mikroskopiese poli-angitis, sal u ook hierdie inligting vind in die Pasiënt Waarskuwingskaart, wat u van u dokter ontvang het. Dit is belangrik dat u hierdie Waarskuwingskaart hou en dit aan u lewensmaat of versorger wys.

Velreaksies
Baie selde kan ernstige blaasvormende veltoestande, wat lewensgevaarlik kan wees, voorkom. Rooiheid, wat dikwels met blase geassosieer word, kan op die vel of op slymvliese voorkom, soos binne-in die mond, die geslagsdele of die ooglede, en koors kan teenwoordig wees. **Lig u dokter dadelik in indien u enige van hierdie simptome ervaar.**

Lig u dokter so gou as moontlik in indien u enige van die volgende opmerk:
a) Indien u behandel word vir non-Hodgkin se Limfoom of chroniese limfositiese leukemie
Baie algemene newe-effekte (kan meer as 1 uit 10 mense beïnvloed):
- bakteriële of virale infeksies, bronchitis
- lae aantal witbloedselle soms met koors, of 'n lae aantal bloedselle wat "bloedplaatjies" genoem word
- naar voel (naarheid)
- bleskolle op die kopvel, kouekoors, hoofpyn
- laer immuniteit – as gevolg van laer vlakke van teenliggaampies genaamd "immunoglobuliene" (IgG) in die bloed wat u help beskerm teen infeksie

Algemene newe-effekte (kan tot 1 uit 10 mense beïnvloed):
- infeksies van die bloed (sepsis), longontsteking, gordelroos, verkoue, infeksies van die bronchiale weë, swaminfeksies, infeksies van onbekende oorsprong, inflammasie van die sinusse, hepatitis B
- lae aantal rooibloedselle (bloedarmoede), lae aantal van alle bloedselle
- allergiese reaksies (hipersensitiwiteit)
- hoë bloedsuikervlak, gewigsverlies, swelling in die gesig en liggaam, hoë vlakke van die ensiem LDH in die bloed, lae kalsiumvlakke in die bloed
- ongewone gevoelens van die vel – soos gevoelloosheid, tinteling, prikkeling, branderigheid, 'n kruipende gevoel op die vel, verminderde aanrakingssintuig
- rusteloos voel, probleme om aan die slaap te raak,
- word baie rooi in die gesig en ander dele van die vel as gevolg van verwyding van die bloedvate
- duiselig of angstig voel
- produseer meer trane, traanbuisprobleme, inflammasie van die oog (konjunktivitis)
- gelui in die ore, oorpyn
- hartprobleme – soos hartaanval en ongelyke of vinnige hartspoed
- hoë of lae bloeddruk (lae bloeddruk veral wanneer u regop staan)
- sametrekking van die spiere in die lugweë wat hygende asemhaling (bronchospasma) veroorsaak, inflammasie, irritasie in die longe, keel of sinusse, kortasem, loopneus
- naar word (braking), diarree, pyn in die maag, irritasie of sere in die keel en mond, probleme om te sluk, hardlywigheid, slegte spysvertering
- eetversteurings: nie genoeg eet nie, wat lei tot gewigsverlies
- galbulte, verhoogde sweet, nagsweet
- spierprobleme – soos stywe spiere, gewrigs- of spierpyn, rug- en nekpyn
- algemene ongemak, of voel ongemaklik of moeg, bewerasies, tekens van griep
- meervoudige orgaanversaking.

Minder algemene newe-effekte (kan tot 1 uit 100 mense beïnvloed):
- bloedstollingsprobleme, afname in rooibloedselproduksie en toename in rooibloedselvernietiging (aplastiese hemolitiese anemie), geswelde of vergrote limfknope
- voel terneergedruk en verlies aan belangstelling of genot om dinge te doen, senuweeagtig voel
- probleme met smaak – soos veranderinge in die manier waarop dinge smaak
- hartprobleme – soos verlaagde hartklop of borspyn (angina)
- asma, te min suurstof bereik die liggaamsorgane
- swelling van die maag

Baie seldsame newe-effekte (kan tot 1 uit 10 000 mense beïnvloed):
- korttermyn toename in die hoeveelheid van sommige soorte teenliggaampies in die bloed (genoem immunoglobuliene - IgM), chemiese versteurings in die bloed wat veroorsaak word deur die afbraak van sterwende kankerselle
- senuweeskade in arms en bene, verlamde gesig
- hartversaking
- inflammasie van bloedvate, insluitend dié wat lei tot velsimptome
- asemhalingsversaking
- skade aan die dermwand (perforasie)
- ernstige velprobleme wat blase veroorsaak, wat lewensgevaarlik kan wees. Rooiheid, wat dikwels met blase geassosieer word, kan op die vel of op slymvliese voorkom, soos binne-in die mond, die geslagsdele of die ooglede, en koors kan teenwoordig wees
- nierversaking
- erge sigverlies

Frekwensie nie bekend nie:
- 'n vermindering in witbloedselle wat nie dadelik gebeur nie
- verminderde bloedplaatjie-getal net na die infusie - dit kan omgekeer word, maar kan in seldsame gevalle dodelik wees
- gehoorverlies, verlies van ander sintuie

b) Indien u vir rumatoïede artritis behandel word

Baie algemene newe-effekte (kan meer as 1 uit 10 mense beïnvloed):

- infeksies, soos borsinfeksies, urienweginfeksies (pyn wanneer u urineer), verkoue en herpes-infeksies
- allergiese reaksies, wat meer waarskynlik tydens 'n infusie voorkom, maar tot 24 uur ná infusie kan voorkom
- veranderinge in bloeddruk, naarheid, veluitslag, koors, jeukerige gevoel, loopneus of verstopte neus en nies, bewerasies, vinnige hartklop en moegheid
- hoofpyn
- veranderinge in laboratoriumtoetse wat deur u dokter uitgevoer word. Dit sluit in 'n afname in die getal van spesifieke proteïene in die bloed (immunoglobuliene) wat help om u teen infeksie te beskerm.

Algemene newe-effekte (kan tot 1 uit 10 mense beïnvloed):
- infeksies soos inflammasie van die bronchiale weë (bronchitis)
- 'n gevoel van volheid of 'n kloppende pyn agter die neus, wange en oë (sinusitis)
- swam-voetinfeksie (atleet-voet)
- hoë cholesterolvlakke in die bloed
- abnormale sensasies van die vel, soos gevoelloosheid, tinteling, prikkeling of branderigheid, skiatika, migraine, duiseligheid
- verlies van hare
- angs
- depressie
- slegte spysvertering, diarree, suurrefluks, irritasie en/of ulserasie van die keel en die mond
- pyn op die maag, rug, spiere en/of gewrigte.

Minder algemene newe-effekte (kan tot 1 uit 100 mense beïnvloed):
- oortollige vloeistofretensie in die gesig en liggaam
- inflammasie, irritasie en / of benoudheid van die longe, en keel, hoes
- velreaksies, insluitend galbulte, jeukerigheid en uitslag
- allergiese reaksies, insluitend hygende asemhaling of kortasem, swelling van die gesig en tong, ineenstorting

Baie seldsame newe-effekte (kan tot 1 uit 10.000 mense beïnvloed):
- 'n groep simptome wat binne 'n paar weke ná 'n **BLITZIMA**-infusie voorkom**,** insluitend allergiese reaksies soos veluitslag, jeukerigheid, gewrigspyn, geswelde limfkliere en koors
- ernstige blaasvormende veltoestande wat lewensgevaarlik kan wees. Rooiheid, wat dikwels met blase geassosieer word, kan op die vel of op slymvliese voorkom, soos binne-in die mond, die geslagsdele of die ooglede, en koors kan teenwoordig wees.
- herhaling van 'n vorige hepatitis B-infeksie

Frekwensie nie bekend nie:
- ernstige virusinfeksie

Ander newe-effekte as gevolg van **BLITZIMA,** wat selde aangemeld is, sluit in minder wit selle in die bloed (neutrofiele) wat help om infeksie te beveg. Sommige infeksies kan ernstig wees (sien inligting oor **Infeksies** hierbo).

c) Indien u behandel word vir granulomatose met poli-angitis of mikroskopiese poli-angitis

Baie algemene newe-effekte (kan meer as 1 uit 10 mense beïnvloed):
- infeksies, soos borsinfeksies, urienweginfeksies (pyn wanneer u uineer), verkoue en herpes-infeksies
- allergiese reaksies wat meer waarskynlik tydens 'n infusie voorkom, maar tot 24 uur ná infusie kan voorkom
- diarree
- hoes of kortasem
- neusbloeding
- verhoogde bloeddruk
- pynlike gewrigte of rug
- spiertrekkings of bewerigheid
- voel duiselig
- bewerasies (bewerigheid, dikwels in die hande)
- probleme met slaap (insomnia)
- swelling van die hande of enkels

Algemene newe-effekte (kan tot 1 uit 10 mense beïnvloed):
- slegte spysvertering
- hardlywigheid
- veluitslag, insluitend aknee of puisies
- blosing of rooiheid van die vel
- geblokte neus
- stywe of pynlike spiere
- pyn in die spiere of in die hande of voete
- lae getalle rooibloedselle (bloedarmoede)
- lae getalle bloedplaatjies in die bloed
- 'n toename in die hoeveelheid kalium in die bloed
- veranderinge in die ritme van die hart, of die hart wat vinniger klop as normaal

Baie seldsame newe-effekte (kan tot 1 uit 10 000 mense beïnvloed):
- ernstige blaasvormende veltoestande wat lewensgevaarlik kan wees. Rooiheid, wat dikwels met blase geassosieer word, kan op die vel of op slymvliese voorkom, soos binne-in die mond, die geslagsdele of die ooglede, en koors kan teenwoordig wees.
- herhaling van 'n vorige hepatitis B-infeksie

d) Indien u vir *pemphigus vulgaris* behandel word
Baie algemene newe-effekte (kan meer as 1 uit 10 mense beïnvloed):
- allergiese reaksies wat mees waarskynlik tydens 'n infusie voorkom, maar tot 24 uur ná infusie kan voorkom
- hoofpyn
- infeksies soos borsinfeksies
- langdurige depressie
- verlies van hare

Algemene newe-effekte (kan tot 1 uit 10 mense beïnvloed):
- infeksies soos verkoue, herpes-infeksies, ooginfeksie, mondsproei en urienweginfeksies (pyn wanneer u urineer)
- gemoedsversteurings soos prikkelbaarheid en depressie
- velafwykings soos jeukerigheid, galbulte en nie-kwaadaardige knoppe
- moeg of duiselig voel
- koors
- pynlike gewrigte of rug
- pyn op die maag
- pyn in die spiere
- hart klop vinniger as normaal

Frekwensie nie bekend nie (frekwensie kan nie uit die beskikbare data beraam word nie):
- ernstige virusinfeksie

BLITZIMA kan ook veranderinge veroorsaak in laboratoriumtoetse wat deur u dokter uitgevoer word.

Indien u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie biljet genoem word nie, stel asseblief u dokter of apteker in kennis.

Aanmelding van newe-effekte
Indien u newe-effekte ervaar, raadpleeg u dokter, apteker of verpleegkundige. U kan ook newe-effekte by SAHPRA aanmeld via die Med Safety Toep (Medsafety X SAHPRA) en eAanmeldingsplatform (who-umc.org) wat op SAHPRA se webwerf gevind kan word. Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van **BLITZIMA** te verskaf.
U kan dit ook by Adcock Ingram Limited aanmeld deur die volgende e-posadres te gebruik: Adcock.AEReports@adcock.com.

5. Hoe om BLITZIMA te bêre
Berging van onoopgemaakte flessies

- Bêre flessies in 'n yskas teen 2 °C tot 8 °C.
- Hou die flessie in die buitenste kartonboksie om teen lig te beskerm.

Berging van verdunde produk
- Die voorbereide infusie-oplossing van rituximab is fisies en chemies stabiel vir 24 uur teen 2 °C tot 8 °C, en daarna vir 12 uur by kamertemperatuur (hoogstens 30 °C).
- Vanuit 'n mikrobiologiese oogpunt moet die voorbereide infusie-oplossing onmiddellik gebruik word. Indien dit nie onmiddellik gebruik word nie, is bergingstye en -toestande voor gebruik die verantwoordelikheid van die gebruiker en sal dit normaalweg nie langer as 24 uur teen 2 °C tot 8 °C wees nie, tensy verdunning in beheerde en gevalideerde aseptiese toestande plaasgevind het.
- **BÊRE ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.**
- Moenie gebruik ná die vervaldatum wat op die kartonboksie gedruk is nie.
- Neem alle ongebruikte medisyne terug na u apteker.
- Moenie ongebruikte medisyne in afvoerpype en rioolstelsels (bv. toilette) weggooi nie.

6. Inhoud van die verpakking en ander inligting
Wat BLITZIMA bevat
Elke flessie **BLITZIMA** 100 bevat 100 mg (in 10 mL) rituximab-konsentraat vir oplossing vir infusie.
Elke flessie **BLITZIMA** 500 bevat 500 mg (in 50 mL) rituximab-konsentraat vir oplossing vir infusie.
Die ander bestanddele is polisorbaat 80, natriumchloried, trinatriumsitraatdihidraat, water vir inspuitings.

Hoe BLITZIMA lyk en die inhoud van die verpakking
BLITZIMA is 'n helder tot opaalagtige, kleurlose tot liggeel oplossing, met pH van 6,3 – 6,8 en osmolaliteit van 342 – 371 mOsmol/kg.
BLITZIMA 100 mg: Helder, kleurlose, tipe I glasflessie met 'n chloorbutiel rubberprop en 'n aluminium seël met 'n geel afwipprop wat 100 mg rituximab in 10 mL bevat. Pak van 2 flessies.

BLITZIMA 500 mg: Helder, kleurlose, tipe I glasflessie met 'n chloorbutiel rubberprop en 'n aluminium seël met 'n donkergrys afwipprop wat 500 mg rituximab in 50 mL bevat. Pak van 1 flessie.

Houer van Sertifikaat van Registrasie
Adcock Ingram Limited
1 New Road
Erand Gardens
Midrand, 1685
Kliëntediens: 0860 ADCOCK / 232625

Hierdie biljet is mees onlangs hersien op
17 Januarie 2025

Registrasienommer
BLITZIMA 100 mg: 53/26/0506
BLITZIMA 500 mg: 53/26/0507

adcock ingram

LM148310-LE002 & LM148210-LE002
02/2025